Oude Westhof
Retirement Village • Aftree-oord

VERSLAG RAKENDE DIE SAKE VAN DIE SORGVERSKAFFER VIR DIE PERIODE 1 MAART 2020 TOT 28 FEBRUARIE 2021

Die verslag is voorberei vir die inligting van lede ingevolge Klousule 33(2)(k) van die Grondwet.

Klousule 51(2) van die Grondwet bepaal dat direkteure van die Sorgverskaffer (OWOBV (Edms) Bpk) trustees van die Bestuursvereniging moet wees.

Die volgende trustees dien as direkteure op datum van hierdie verslag vir 'n onbepaalde termyn ingevolge artikel 68(1) van die Maatskappyewet 2008 (Wet Nr. 71 van 2008):

Mnr. Hennie Hurter
Dr. André Dreyer
Mnr. Bruno Wehrle
Mnr. Ferdie van der Merwe
Mnr. Frits Vleggaar

Die direkteure vergader maandeliks in die week voor die trusteevergaderings. Afskrifte van die notules, finansiële maandstate en balansstate word by die vergaderings van die Raad van Trustees ter tafel gelê.

Die verslagperiode was die vierde volle finansiële jaar in werking onder die bestuur van Matrone Ina Prevedello bygestaan deur haar goed opgeleide personeelkorps.

Die multi-dissiplinêre span is saamgestel uit:

- Matrone Ina Prevedello – Verpleegbestuurder
- Dr. Theresa Swart – Mediese praktisyn met nagraadse opleiding in palliatiewe versorging.
- Dr. Mariaan Kühn – Mediese praktisyn
- Me. Edna Lamprechts – Maatskaplike Werker
- Me. Lindie Uys – Arbeidsterapeut
- Senior Geregistreerde Verpleegsters by die Sorgsentrum

Die span voer gereelde besprekings op Woensdae en bykans op 'n daaglikse basis, of persoonlik of by wyse van hul Whatsapp-groep.

Die geouditeerde finansiële state vir die verslagperiode, sal aan lede gesirkuleer word vir oorweging by die Algemene Jaarvergadering.

Ons wil graag die volgende uitlig:

Die Covid-19 pandemie het die Oord in die tweede maand van die finansiële jaar getref, met 'n verwoestende effek op die finansies van die Sorgsentrum, as gevolg van die verminderde bedbesetting.

Nieteenstaande die feit dat die Bestuur alles menslik moontlik gedoen het om die bedbesetting te verhoog en tot 'n mate daarin geslaag het, was dit steeds laer as waarvoor begroot was.

Resultaat vir die jaar tot 28 Februarie 2021:

1. **Inkomste:** Bedra R7 214 262 vir die jaar, 21.3% minder as begroting.
   Die bedbesetting van die Sorgsentrum was onbevredigend, hoofsaaklik te wyte aan die effek van die Covid-19 pandemie.
2. **Uitgawes:** Dit het R8 223 725 bedra vir die jaar, 10,2% minder as begroting.
   2.1 Salarisse: Heelwat meer is bestee op kontrakverpleging, maar netto besparing op begroting was 8.3%.
   2.2 Covid-19 uitgawes: Onvoorsiene, noodsaaklike uitgawes op hierdie item het R271 327 beloop vir die jaar onder oorsig.
   2.3 Ander koste-items: Geen noemenswaardige koste-oorskrydings is aangeteken nie en uitgawes het oor die algemeen positiewe afwykings teenoor begroting getoon, hoofsaaklik a.g.v laer bedbesetting as waarvoor begroot is.

3. **Netto Tekort:** Die Netto tekort vir die jaar het R999 739 beloop.

4. **Fondse:** Die lening van Oude Westhof Bestuursvereniging het verhoog tot 'n balans op jaareinde van R5 286213.

Begroting 2021/2022

Vroeg in die finansiële jaar onder bespreking, het die Raad van Trustees, na deeglike oorweging van die voor- en nadele, besluit om die Verpleegpersoneel wat die inwoners in die Oord bedien, as deel van die personeel van die Bestuursvereniging te inkorporeer.

Die personeelgetal van die Sorgsentrum het na die verskuiwing tot 28 gedaal, wat dan ook gebruik is met die opstel van die begroting. As gevolg van die Covid-19 pandemie, is die bedbesetting steeds onder die gelykbreek marge. Gevolglik is 'n geleidelike styging in die bedbesetting vanaf Maart gebruik om die begroting te finaliseer.

Soos uit die aangehegte begroting afgelei kan word, is dit onvermydelik dat, tensy die bedbesetting drasties verhoog word, 'n verdere tekort teen jaareinde 'n voldonge feit sal wees.

Die Maatskaplike Werker en Arbeidsterapeut is steeds in diens op 'n uurtarief. Hulle lewer nie alleenlik diens aan die inwoners nie, maar is ook deurlopend behulpsaam met die opleiding van personeel in hul onderskeie vakgebiede.

Ten slotte wens ek die Direksie se dank en waardering aan die Verpleegbestuurder en haar personeel oor te dra vir die lojaliteit en toewyding wat hul deurgaans openbaar in die uitvoering van hul pligte. Die Covid-19 pandemie is sedert Maart verlede jaar met ons en is bewus van die opofferinge wat daagliks gemaak word. Aan Mnr. Gerhard van der Merwe, die Maatskappy-Sekretaris, ons opregte dank vir die wyse waarop hy sy pligte ten opsigte van die Sorgsentrum en die Bestuursvereniging uitvoer.

HW HURTER
VOORSITTER: DIREKSIE
28 MEI 2021